Japie Grobler
13 Meersig 1 39 Panorama Avenue EDLEEN 1619
Tel/Fax: 011-394-3080 Sel: 082-920-3545
E-mail: kies_ciec@telkomsa.net

Per Epos

2007-08-29

Dekaan
Falkulteit Teologie
Universiteit Pretoria

Geagte Professor Vos

i/s: Kommentaar op veelbesproke DVD

Ek het die reaksies van proff Müller, Human, Le Roux en Van Aarde op die webwerf (www:teo.co.za) gelees en reageer graag soos volg daarop.

Die geagte professore maak groot gewag van allerhande aangeleenthede en mag dalk korrek wees oor van die punte wat deur hulle aangespreek en uitgewys word.

Proff Müller, Human en Le Roux stel dat die DVD anoniem versprei word. Hierdie bewering word ook deur ander bronne, byvoorbeeld, Kerkbode en die webwerf van die Algemene Sinode, gemaak. My vraag is net: *Is dit heeltemal korrek wanneer die naam van WTL Produksies en 'n kontaknommer (082-689-7603) op die etiket van die DVDs verskyn?*

Sien hierdie beeld van die DVD-etiket:

Verder word die volgende inligting aan die einde van die DVD in beeld verskaf:

"Hierdie DVD kan bestel word van:
WTL Multimedia Produksies
Posbus 88
FLORIDA HILLS
1716

Epos: sarelwtl@telkomsa.net
Sel: 082-689-7603"

Volgens my beskeie, maar eerlike opinie, is dit allesbehalwe "anoniem"! Indien iemand wil uitvind wie die persoon is, was en bly dit ewe eenvoudig om net die nommer wat aangegee word te bel en uit te vind wie dié Sarel, wat sy Eposadres verskaf, dan nou eintlik is. Dit is wat ek sou gedoen het.

So tussen die stortvloed van woorde van die geagte here deur gaan die kern van dit waaroor dit eintlik gaan verlore en sou ek graag die volgende vrae via u aan hulle rig waarop hulle asseblief duidelik "JA" of "NEE" moet antwoord.

Glo jy (Muller, Human, Le Roux, Van Aarde):-

1. Dat die historiese Jesus (Christus) uit 'n maagd gebore is?

2. Dat die historiese Jesus (Christus) aan 'n kruis werklik gesterf het?

3. Dat die historiese Jesus (Christus) liggaamlik uit die graf opgestaan het?

4. Dat die historiese Jesus (Christus) na 'n tydperk, waartydens Hy aan verskeie mense liggaamlik verskyn het, liggaamlik opgevaar na die hemel?

5. Dat hierdie selfde Jesus weer liggaamlik gaan kom om oor alle mense te oordeel?

Dankie,

Die uwe,

Japie Grobler

****